*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

*BUITENGEWONE* *EXTRAORDINARY*

# STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

**REGULASIEKOERANT No. 928** — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

**REGULATION GAZETTE No. 928** — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

VOL. 33.] PRETORIA, 22 MAART 1968. / 22 MARCH 1968. [No. 2018.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

No. R. 472. 22 Maart 1968.

**BEVELSKRIF**

VAN DIE WAARNEMENDE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WAARBY INGESTEL WORD „ DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS—THE MEDAL FOR FAITHFUL SERVICE IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE ".

*Aan almal wat hiervan kennis mag neem.*

Saluut!

Nademaal dit die gebruik is om erkenning te verleen vir troue diens gelewer deur lede van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens en om sodanige lede op 'n gepaste wyse te vereer;

En nademaal dit wenslik geag word om die bestaande „ MEDALJE VIR TROUE DIENS, DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE " deur 'n nuwe medalje te vervang;

Derhalwe is dit dat ek hierby 'n medalje instel, daarstel en invoer wat bekend staan as „ DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS—THE MEDAL FOR FAITHFUL SERVICE IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE " as 'n eervolle huldeblyk ter erkenning van sodanige diens, en voorts verorden dat die volgende reëls tesame met sodanige regulasies as wat uitgevaardig mag word, op die toekenning van die medalje van toepassing is:—

1. Die medalje neem voorrang onmiddellik ná „ DIE MEDALJE VIR VERDIENSTELIKHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS" ten opsigte van dekorasies, ordes of medaljes wat uitsluitlik aan lede van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens toegeken word.

2. Die medalje asook die balk ten opsigte daarvan, word deur die Minister van Gevangenisse van die Republiek van Suid-Afrika toegeken, en kan deur hom ingetrek, nietig of verbeurd verklaar, herstel of vervang word.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF PRISONS.

No. R. 472. 22 March 1968.

**WARRANT**

BY THE ACTING STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA BY WHICH IS INSTITUTED " THE MEDAL FOR FAITHFUL SERVICE IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE—DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS ".

*To all to whom these presents shall come.*

Greetings!

Whereas it is custom to grant recognition for faithful service rendered by members of the South African Prisons Service, and to honour such members in an appropriate manner;

And whereas it is deemed desirable to substitute a new medal for the existing " FAITHFUL SERVICE MEDAL, PRISONS DEPARTMENT ";

Now, therefore, I do hereby institute, constitute and create a medal designated " THE MEDAL FOR FAITHFUL SERVICE IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE—DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS ", as an honourable tribute for such service, and further ordain that the following rules, together with such regulations as may be made, shall govern the award of the medal:

1. The medal shall take precedence immediately after " THE MEDAL FOR MERIT IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE " in respect of decorations, orders or medals which may be awarded exclusively to members of the South African Prisons Service.

2. The medal, as well as the bar in respect thereof, shall be awarded by the Minister of Prisons of the Republic of South Africa, and may by him be cancelled, annulled, declared forfeited, restored or replaced.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. Die medalje is van brons en is in die vorm van die amptelike kenteken van die Departement van Gevangenisse, met 'n hoogte van 1½ duim en 'n breedte van 1¼ duim. Op die voorkant verskyn in reliëf die kenteken van die Departement van Gevangenisse, met die randskrif DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE aan die bokant en PRISONS DEPARTMENT aan die onderkant. Op die keersy verskyn die woorde FOR FAITHFUL SERVICE bo en VIR TROUE DIENS onder, met ruimte vir naam- en datumgravering in die middel.

Die bronsgespe wat vas aan die medalje gegiet is, is in die vorm van 'n reddingsboei, 'n halfduim in deursnee.

4. Die gewaterde sylint waaraan die medalje hang, het kleurstrepe van groen, wit, blou, wit en groen, onderskeidelik een kwartduim, drie-sestiende duim, 'n halfduim, drie-sestiende duim en 'n kwartduim breed.

5. Die balk wat kragtens reël 7 toegeken kan word, is van brons, 1⅜ duim lank en vyf-sestiende duim breed, in die middel belaai met die amptelike kenteken van die Departement van Gevangenisse in reliëf. 'n Gespe wat met die voorafgaande beskrywing ooreenstem, word uitgereik ten opsigte van die balk wat toegeken word.

6. (1) Behoudens die bepalings van paragraaf (2) word die medalje toegeken slegs aan iemand wat op of ná 1 Desember 1966 'n lid van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens, ingestel kragtens die bepalings van artikel 2 van die Wet op Gevangenisse 1959 (Wet No. 8 van 1959, soos gewysig, is of was en wat—

(*a*) op of ná voormelde datum 'n tydperk van minstens 18 jaar diens, wat nie aaneenlopend hoef te wees nie, voltooi het en gedurende daardie tydperk 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag gelê het; of

(*b*) te eniger tyd voor voormelde datum 'n tydperk van minstens 18 jaar, wat nie aaneenlopend hoef te wees nie, gedien het en 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag gelê het, en aan wie „DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS, DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE", kragtens regulasie 81, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2080, *Buitengewone Staatskoerant* No. 1326 van 31 Desember 1965, vir besondere dapperheid en uitstaande gedrag toegeken is voordat hy 18 jaar diens voltooi het.

(2) Aan 'n lid van die Gevangenisdiens wat voor 1 Desember 1966 „DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS, DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE" ingevolge regulasie 81 verwerf het weens goeie gedrag en voorbeeldige diens van minstens 18 jaar, kan „DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS" toegeken word nadat hy 'n verdere dienstydperk van 12 jaar vanaf die datum van toekenning van eersgenoemde medalje voltooi het, afgesien daarvan of sodanige diens aaneenlopend was of nie, mits hy voortgegaan het om 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag te lê.

7. Aan 'n lid van die Gevangenisdiens aan wie „DIE MEDALJE VIR TROUE DIENS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS" toegeken is en wat ná die datum van sodanige toekenning vir 'n verdere tydperk van minstens 15 jaar, wat nie aaneenlopend hoef

3. The medal shall be of bronze and shall be in the form of the official badge of the Prisons Department, with a height of 1½ inches and a breadth of 1¼ inches. On the obverse side shall appear in relief the badge of the Prisons Department, with the circumscription DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE on the upper side and PRISONS DEPARTMENT on the lower side. On the reverse side shall appear the words FOR FAITHFUL SERVICE above and VIR TROUE DIENS below, with space for engraving the name and date in the centre.

The bronze clasp which is cast in one piece with the medal, shall be in the form of a life-buoy,half an inch in diameter.

4. The watered silk ribbon from which the medal depends, shall have coloured stripes of green, white, blue, white and green, respectively a quarter inch, three-sixteenths of an inch; half an inch, three-sixteenths of an inch and a quarter inch in width.

5. The bar which may be awarded in terms of rule 7 shall be of bronze, 1⅜ inches in length and five-sixteenths of an inch in width, charged in the centre with the official badge of the Prisons Department in relief. A clasp corresponding to the aforementioned description shall be issued in respect of each bar awarded.

6. (1) Subject to the provisions of paragraph (2) the medal may be awarded only to a person who on or after the 1st December 1966, is or was a member of the South African Prisons Service, established under the provisions of section 2 of the Prisons Act 1959 (Act No. 8 of 1959), as amended, and has—

(*a*) on or after the said date completed a period of service of not less than 18 years, which need not be continuous, and has during that period displayed and was during that period of irreproachable character and exemplary conduct; or

(*b*) at any time prior to the said date completed a period of service of not less than 18 years, which need not be continuous, and has during that period displayed and was during that period of irreproachable character and exemplary conduct, and to whom "THE FAITHFUL SERVICE MEDAL, PRISONS DEPARTMENT" had been awarded in terms of regulation 81, published in Government Notice No. R. 2080, *Government Gazette Extraordinary* No. 1326 of 31 December 1965, for particularly gallant and outstanding conduct, prior to his having completed 18 years service.

(2) A member of the Prisons Service to whom "THE FAITHFUL SERVICE MEDAL, PRISONS DEPARTMENT" had been awarded in terms of regulation 81 prior to 1 December 1966, for good conduct and exemplary service of not less than 18 years, may be awarded "THE MEDAL FOR FAITHFUL SERVICE IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE" after having completed a further period of 12 years service from the date of the award of the first-mentioned medal, irrespective of whether such service was continuous or not, provided he has continued to display irreproachable character and exemplary conduct.

7. To a member of the Prisons Service who has been awarded "THE MEDAL FOR FAITHFUL SERVICE IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE" and who has after the date of such award, served as such a member for a further period of not less than 15 years,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



te wees nie, as so 'n lid gedien het, kan 'n balk toegeken word as hy voortgegaan het om 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag te lê.

8. Die medalje asook die balk ten opsigte daarvan kan postuum toegeken word.

9. Op die keersy van elke medalje of balk wat toegeken word, word die diensnommer, rang en naam van die persoon wat die onderskeiding verwerf het, gestempel.

10. Die naam van elke persoon aan wie die medalje of balk toegeken word, word amptelik afgekondig en word tesame met sodanige besonderhede wat die Kommissaris van Gevangenisse doenlik ag, in 'n register in sy kantoor aangeteken.

11. Die bepalings van reël 10 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die intrekking, nietigverklaring, verbeurdverklaring en herstel van 'n medalje of balk.

12. Die medalje word op die linkerbors gedra en 'n balk wat ten opsigte daarvan toegeken is, word aan die lint geheg. Wanneer die medalje nie gedra word nie, word slegs die lint op die linkerbors gedra, en indien 'n balk toegeken is, word die gespe wat saam met die balk uitgereik word, aan die lint geheg as 'n aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

13. Die toekenning van die medalje asook van 'n balk verleen geen persoonlike voorrang aan die ontvanger nie.

14. 'n Miniatuurreproduksie van die medalje, die helfte so groot as die medalje, kan by paslike geleenthede gedra word.

15. 'n Verseëlde model van die medalje asook van die balk en die lint ten opsigte daarvan tesame met die miniatuurreproduksie daarvan, moet veilig bewaar word in die kantoor van die Kommissaris van Gevangenisse of op sodanige ander plek wat die Minister mag bepaal.

Gegee onder my Hand en Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Ses-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

P. C. PELSER.

which need not be continuous, a bar may be awarded if he has continued to display irreproachable character and exemplary conduct.

8. The medal, as well as the bar in respect thereof, may be awarded posthumously.

9. On the reverse of each medal or bar awarded, shall be stamped the service number, rank and name of the person who has acquired the distinction.

10. The name of each person to whom the medal or bar is awarded, shall be published officially and shall, together with such particulars as the Commissioner of Prisons may deem fit, be recorded in a register in his office.

11. The provisions of rule 10 shall *mutatis mutandis* be applicable in respect of the cancellation, annulment, forfeiture and restoration of a medal or bar.

12. The medal shall be worn on the left breast, and the bar awarded in respect thereof shall be attached to the ribbon. When the medal is not worn, only the ribbon shall be worn on the left breast, and where a bar has been awarded, the clasp which is issued with the bar, shall be attached to the ribbon as an indication of the award of such bar.

13. The conferment of the medal, as well as a bar, shall not entitle the recipient to any personal precedence.

14. A miniature reproduction of the medal, half the size of the medal, may be worn on appropriate occasions.

15. A sealed model of the medal as well as of the bar and the ribbon in respect thereof, shall, together with the miniature reproduction thereof, be kept in safe custody in the office of the Commissioner of Prisons or in such other place as the Minister may decide.

Given under my Hand and Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this the Twenty-sixth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

P. C. PELSER.

---

No. R. 473. 22 Maart 1968.

## BEVELSKRIF

**VAN DIE WAARNEMENDE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WAARBY INGESTEL WORD „DIE DEKORASIE VIR DAPPERHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS — THE DECORATION FOR VALOUR IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE".**

*Aan almal wat hiervan kennis mag neem.*

Saluut!

Nademaal dit die begeerte is om erkenning te verleen vir dade van buitengewone dapperheid deur lede van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens wat hul lewens verloor of werklik in gevaar gestel het in die uitvoering van hulle pligte of by beskerming of redding van 'n lewe of eiendom;

En nademaal dit doenlik geag word om sodanige lede op 'n gepaste wyse te vereer;

No. R. 473. 22 March 1968.

## WARRANT

**BY THE ACTING STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA BY WHICH IS INSTITUTED "THE DECORATION FOR VALOUR IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE—DIE DEKORASIE VIR DAPPERHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS".**

*To all to whom these presents shall come.*

Greetings!

Whereas it is desired to grant recognition for signal acts of valour by members of the South African Prisons Service, who have lost or actually imperilled their lives in the discharge of their duties or in the protection or saving of life or property;

And whereas it is considered becoming to honour such members in an appropriate manner;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Derhalwe is dit dat ek hierby 'n dekorasie instel, daarstel en invoer wat bekend staan as „DIE DEKORASIE VIR DAPPERHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS—THE DECORATION FOR VALOUR IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE ", as 'n eervolle huldeblyk vir sodanige optrede, en voorts verorden dat die volgende reëls tesame met sodanige regulasies as wat uitgevaardig mag word, op die toekenning van die dekorasie van toepassing is:

1. Die dekorasie neem voorrang bo enige ander dekorasie, orde of medalje wat uitsluitlik aan lede van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens toegeken word.

2. Die dekorasie asook die balk ten opsigte daarvan, word op aanbeveling van die Minister van Gevangenisse van die Republiek van Suid-Afrika toegeken, en op aanbeveling van genoemde Minister kan so 'n toekenning ook ingetrek, nietig of verbeurd verklaar of herstel word.

3. Die dekorasie is van goud en is in die vorm van die grondplan van die Kasteel die Goeie Hoop, geplaas op 'n ster, waarvan die 5 punte afwissel met die punte van die kasteel en 'n omtrek met dieselfde straal beskrywe, naamlik 1⅜ duim. Op die voorkant is die kasteel in reliëf belaai met 'n Latynse Kruis, waarvan die boonste arm 'n weegskaal en die onderste 'n reddingsboei op het. Die naam PRISONS DEPARTMENT verskyn langs die 2 boonste sye en die naam DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE langs die 3 onderste sye van die kasteel. Op die keersy verskyn die woorde VIR DAPPERHEID bo en FOR VALOUR onder, met ruimte vir naam- en datumgravering in die middel.

Die goue gespe wat vas aan die medalje gegiet is, is in die vorm van 'n reddingsboei, 'n halfduim in deursnee.

4. Die gewaterde sylint waaraan die medalje hang, het kleurstrepe van groen, goud, rooi, goud en groen, onderskeidelik 'n kwartduim, een twee-en-dertigste duim, dertien-sestiende duim, een twee-en-dertigste duim en 'n kwartduim breed.

5. Die balk, wat kragtens reël 7 toegeken kan word, is van goud, 1⅜ duim lank en vyf-sestiende duim breed, in die middel belaai met die voorkant van die dekorasie in reliëf. 'n Gespe wat met die voorafgaande beskrywing ooreenstem, word uitgereik ten opsigte van elke balk wat toegeken word.

6. Die dekorasie word toegeken slegs aan iemand wat as lid van die Gevangenisdiens, ingestel kragtens die bepalings van artikel 2 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), soos gewysig, op of ná 1 Desember 1966, opvallende en buitengewone dapperheid aan die dag gelê het of 'n onverskrokke of voortreflike daad verrig het waardeur hy sy lewe verloor of werklik in gevaar gestel het—

(*a*) in die uitvoering van enige van sy pligte; of

(*b*) by die beskerming of redding of 'n poging tot beskerming of redding van 'n lewe of eiendom.

7. Indien iemand aan wie hierdie dekorasie reeds toegeken is, hom ná sodanige toekenning weer onderskei op die wyse soos in reël 6 bepaal terwyl hy nog as lid van die Gevangenisdiens dien, kan 'n balk aan hom toegeken word ten opsigte van elke sodanige bykomende onderskeiding.

8. Die dekorasie asook 'n balk ten opsigte daarvan kan postuum toegeken word.

9. Op die keersy van elke dekorasie of balk wat toegeken word, word die diensnommer, rang en naam van die persoon wat die onderskeiding verwerf het, gestempel.

10. Die naam van elke persoon aan wie die dekorasie of balk toegeken word, word amptelik afgekondig en word tesame met sodanige besonderhede as wat die Kommissaris van Gevangenisse doenlik ag, in 'n register in sy kantoor aangeteken.

Now, therefore, I do hereby institute, constitute and create a decoration designated "THE DECORATION FOR VALOUR IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE—DIE DEKORASIE VIR DAPPERHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS", as an honourable tribute for such acts, and further ordain that the following rules, together with such regulations as may be made, shall govern the award of the decoration:

1. The decoration shall take precedence over any other decoration, order or medal which may be awarded exclusively to members of the South African Prisons Service.

2. The decoration, as well as the bar in respect thereof, shall be awarded on the recommendation of the Minister of Prisons of the Republic of South Africa, and on the recommendation of the said Minister such award may also be cancelled, annulled, declared forfeited or restored.

3. The decoration shall be of gold and shall be in the form of the ground plan of the Castle of Good Hope, placed on a star, the 5 points of which alternate with the points of the castle and describe a circumference with the same radius, viz. 1⅜ inches. On the obverse side the castle shall be charged in relief with a Latin Cross, the upper arm of which bears a balance and the lower a life-buoy. The name PRISONS DEPARTMENT shall appear along the 2 upper sides and the name DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE along the 3 lower sides of the castle. On the reverse side shall appear the words VIR DAPPERHEID above and FOR VALOUR below, with space for engraving the name and date in the centre.

The gold clasp which is cast in one piece with the decoration, shall be in the form of a life-buoy, half an inch in diameter.

4. The watered silk ribbon from which the medal depends, shall have coloured stripes of green, gold, red, gold and green, respectively a quarter inch, one thirty-second of an inch, thirteen-sixteenths of an inch, one thirty-second of an inch, and a quarter inch in width.

5. The bar, which may be awarded in terms of rule 7, shall be of gold, 1⅜ inches in length and five-sixteenths of an inch in width, charged in the centre with the obverse of the decoration in relief. A clasp corresponding to the above description, shall be issued in respect of every bar awarded.

6. The decoration may be awarded only to a person who as a member of the Prisons Service, established under the provisions of section 2 of the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959), as amended, has on or after the first day of December 1966 displayed conspicuous and exceptional gallantry or who has performed a fearless or pre-eminent act whereby he has lost or actually imperilled his own life in—

(*a*) the performance of any of his duties; or

(*b*) the protecting or saving or endeavouring to protect or save life or property.

7. Should a person to whom this decoration has already been awarded, thereafter again distinguish himself in the manner laid down in rule 6, while still serving as a member of the Prisons Service, he may be awarded a bar in respect of every such additional distinction.

8. The decoration, as well as a bar in respect thereof, may be awarded posthumously.

9. On the reverse of each decoration or bar awarded, shall be stamped the service number, rank and name of the person who has acquired the distinction.

10. The name of each person to whom the decoration or bar is awarded, shall be published officially and shall, together with such particulars as the Commissioner of Prisons may deem fit, be recorded in a register in his office.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



11. Die bepalings van reël 10 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die intrekking, nietigverklaring, verbeurdverklaring en herstel van 'n dekorasie of balk.

12. Die dekorasie word op die linkerbors gedra en 'n balk wat ten opsigte daarvan toegeken is, word aan die lint geheg. Wanneer die dekorasie nie gedra word nie, word slegs die lint wat daarop betrekking het, op die linkerbors gedra, en indien 'n balk toegeken is, word die gespe wat saam met die balk uitgereik word, aan die lint geheg as aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

13. Die toekenning van die dekorasie asook van 'n balk, verleen geen persoonlike voorrang aan die ontvanger nie, maar verleen aan hom die reg om die letters C.P.V., 'n afkorting vir „CUSTODI PRO VIRTUTE" agter sy naam te skryf.

14. 'n Miniatuurreproduksie van die dekorasie, die helfte so groot as die dekorasie, kan by paslike geleenthede gedra word.

15. 'n Verseëlde model van die dekorasie asook van die balk en die lint ten opsigte daarvan, tesame met 'n model van die miniatuurreproduksie daarvan, moet veilig bewaar word in die kantoor van die Kommissaris van Gevangenisse of op sodanige ander plek as wat die Minister mag bepaal.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Ses-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-Sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

P. C. PELSER.

---

No. R. 474. 22 Maart 1968.

**BEVELSKRIF**

VAN DIE WAARNEMENDE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WAARBY INGESTEL WORD „DIE MEDALJE VIR VERDIENSTELIKHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS—THE MEDAL FOR MERIT IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE".

*Aan almal wat hiervan kennis mag neem.*

Saluut!

Nademaal dit die begeerte is om erkenning te verleen vir dienste van 'n besonder verdienstelike of voorbeeldige aard aan die dag gelê deur lede van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens in die uitvoering van hulle pligte;

En nademaal dit doenlik geag word om sodanige lede op 'n gepaste wyse te vereer;

Derhalwe is dit dat ek hierby 'n medalje instel, daarstel en invoer wat bekend staan as „DIE MEDALJE VIR VERDIENSTELIKHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS—THE MEDAL FOR MERIT IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE", as 'n eervolle huldeblyk vir sodanige dienste van 'n besondere verdienstelike en voorbeeldige aard, en voorts verorden dat die volgende reëls, tesame met die regulasies wat uitgevaardig mag word, op die toekenning van die medalje van toepassing is:—

1. Die medalje neem voorrang onmiddellik ná „DIE DEKORASIE VIR DAPPERHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS" ten opsigte van dekorasies, ordes en medaljes wat uitsluitlik aan lede van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens toegeken kan word.

11. The provisions of rule 10 shall *mutatis mutandis* be applicable in respect of the cancellation, annulment, forfeiture and restoration of a decoration or bar.

12. The decoration shall be worn on the left breast, and a bar awarded in respect thereof shall be attached to the ribbon. When the decoration is not worn, only the ribbon in respect thereof shall be worn on the left breast, and where a bar has been awarded, the clasp which is issued with the bar, shall be attached to the ribbon as an indication of the award of such bar.

13. The conferment of the decoration, as well as a bar, shall not entitle the recipient of any personal precedence, but shall entitle him to add after his name the letters C.P.V., the abbreviation for "CUSTODI PRO VIRTUTE".

14. A miniature reproduction of the decoration, half the size of the decoration, may be worn on appropriate occasions.

15. A sealed model of the decoration as well as of the bar and the ribbon in respect thereof, shall, together with a model of the miniature reproduction thereof, be kept in safe custody in the office of the Commissioner of Prisons or in such other place as the Minister may decide.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this the Twenty-sixth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

P. C. PELSER.

---

No. R. 474. 22 March 1968.

**WARRANT**

BY THE ACTING STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA BY WHICH IS INSTITUTED "THE MEDAL FOR MERIT IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE—DIE MEDALJE VIR VERDIENSTELIKHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS".

*To all to whom these presents shall come.*

Greetings!

Whereas it is desired to grant recognition for services of a particularly meritorious or exemplary nature displayed by members of the South African Prisons Service in the discharge of their duties;

And whereas it is considered becoming to honour such members in an appropriate manner;

Now, therefore, I do hereby institute, constitute and create a decoration designated "THE MEDAL FOR MERIT IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE—DIE MEDALJE VIR VERDIENSTELIKHEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS", as an honourable tribute for such services of a particularly meritorious and exemplary nature, and further ordain that the following rules, together with such regulations as may be made, shall govern the award of the medal:

1. The medal shall take precedence immediately after "THE DECORATION FOR VALOUR IN THE SOUTH AFRICAN PRISONS SERVICE" in respect of decorations, orders or medals which may be awarded exclusively to members of the South African Prisons Service.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



2. Die medalje asook die balk ten opsigte daarvan, word deur die Minister van Gevangenisse van die Republiek van Suid-Afrika toegeken, en kan deur hom ingetrek, nietig of verbeurd verklaar, herstel of vervang word.

3. Die medalje is van silwer en is sirkelvormig, met 'n deursnee van 1⅜ duim. Op die voorkant verskyn in reliëf die gewone wapen van die Republiek van Suid-Afrika, met die randskrif DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE aan die bokant en PRISONS DEPARTMENT aan die onderkant. Op die keersy verskyn die woorde FOR MERIT bo en VIR VERDIENSTELIKHEID onder, met ruimte vir naam- en datum-gravering in die middel.

Die silwergespe wat vas aan die medalje gegiet is, is in die vorm van 'n reddingsboei, 'n halfduim in deursnee.

4. Die gewaterde sylint waaraan die medalje hang, het kleurstrepe van blou, wit, oranje, wit, oranje, wit en blou, onderskeidelik 'n kwartduim, drie-sestiende duim, vyftien-vier-en-sestigste duim, een-twee-en-dertigste duim, vyftien-vier-en-sestigste duim, drie-sestiende duim en 'n kwartduim breed.

5. Die balk, wat kragtens reël 7 toegeken kan word, is van silwer, 1⅜ duim lank en vyf-sestiende duim breed, in die middel belaai met die wapen van die Republiek van Suid-Afrika in reliëf. 'n Gespe wat met die voorafgaande omskrywing ooreenstem, word uitgereik ten opsigte van elke balk wat toegeken word.

6. Die medalje word toegeken slegs aan iemand wat op of na 1 Desember 1966, lid van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens, ingestel kragtens die bepalings van artikel 2 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), soos gewysig, is of was en—

(*a*) in die uitvoering van sy pligte, dienste van 'n besonder verdienstelike of voorbeeldige aard verrig het of hom deur vernuf, vaardigheid of deursettingsvermoë onderskei het; of

(*b*) vir 'n tydperk van minstens 35 jaar voortreflike diens, wat nie aaneenlopend hoef te wees nie, onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag gelê het.

7. Indien iemand aan wie hierdie medalje reeds toegeken is, hom ná sodanige toekenning weer onderskei op die wyse soos in reël 6 bepaal terwyl hy nog as lid van die Gevangenisdiens dien, kan 'n balk aan hom toegeken word ten opsigte van elke sodanige bykomende onderskeiding.

8. Die medalje asook 'n balk ten opsigte daarvan kan postuum toegeken word.

9. Op die keersy van elke medalje of balk wat toegeken word, word die diensnommer, rang en naam van die persoon wat die onderskeiding verwerf het, gestempel.

10. Die naam van elke persoon aan wie die medalje of balk toegeken word, word amptelik afgekondig en word tesame met sodanige besonderhede as wat die Kommissaris van Gevangenisse doenlik ag, in 'n register in sy kantoor aangeteken.

11. Die bepalings van reël 10 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die intrekking, nietigverklaring, verbeurdverklaring en herstel van 'n medalje of balk.

12. Die medalje word op die linkerbors gedra en 'n balk wat ten opsigte daarvan toegeken is, word aan die lint geheg. Wanneer die medalje nie gedra word nie, word slegs die lint op die linkerbors gedra, en indien 'n balk toegeken is, word die gespe wat saam met die balk uitgereik word, aan die lint geheg as aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

13. Die toekenning van die medalje asook van 'n balk verleen geen persoonlike voorrang aan die ontvanger nie.

14. 'n Miniatuurreproduksie van die medalje, die helfte so groot as die medalje, kan by paslike geleenthede gedra word.

2. The medal, as well as a bar in respect thereof, shall be awarded by the Minister of Prisons of the Republic of South Africa, and may by him be cancelled, annulled, declared forfeited, restored or replaced.

3. The medal shall be of silver and shall be circular in form, with a diameter of 1⅜ inches. On the obverse side shall appear in relief the ordinary coat of arms of the Republic of South Africa with the circumscription DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE on the upper side and PRISONS DEPARTMENT on the lower side. On the reverse side shall appear the words FOR MERIT above and VIR VERDIENSTELIKHEID below, with space for engraving the name and date in the centre.

The silver clasp which is cast in one piece with the medal, shall be in the form of a life-buoy, half an inch in diameter.

4. The watered silk ribbon from which the medal depends, shall have coloured stripes of blue, white, orange, white, orange, white and blue, respectively a quarter inch, three-sixteenths of an inch, fifteen sixty-fourths of an inch, three-sixteenths of an inch and a quarter inch in width.

5. The bar, which may be awarded in terms of rule 7, shall be of silver, 1⅜ inches in length and five-sixteenths of an inch in width, charged in the centre with the coat of arms of the Republic of South Africa in relief. A clasp corresponding to the aforementioned description shall be issued in respect of each bar awarded.

6. The medal may be awarded only to a person who on or at any time after 1 December 1966, is or was a member of the South African Prisons Service, established under the provisions of section 2 of the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959), as amended, and has—

(*a*) in the performance of his duties, rendered services of a particularly meritorious or exemplary nature or distinguished himself by ingenuity, proficiency or perseverance; or

(*b*) for a period of not less than 35 years service, which need not be continuous, displayed an irreproachable character and exemplary conduct.

7. Should a person to whom this medal has already been awarded, thereafter again distinguish himself in the manner laid down in rule 6, while still serving as a member of the Prisons Service, he may be awarded a bar in respect of every such additional distinction.

8. The medal, as well as a bar in respect thereof, may be awarded posthumously.

9. On the reverse of each medal or bar awarded, shall be stamped the service number, rank and name of the person who has acquired the distinction.

10. The name of each person to whom the medal or bar is awarded, shall be published officially and shall, together with such particulars as the Commissioner of Prisons may deem fit, be recorded in a register in his office.

11. The provisions of rule 10 shall *mutatis mutandis* be applicable in respect of the cancellation, annulment, forfeiture and restoration of a medal or bar.

12. The medal shall be worn on the left breast, and a bar awarded in respect thereof shall be attached to the ribbon. When the medal is not worn, only the ribbon shall be worn on the left breast, and where a bar has been awarded, the clasp which is issued with the bar, shall be attached to the ribbon as an indication of the award of such bar.

13. The conferment of the medal, as well as a bar, shall not entitle the recipient to any personal precedence.

14. A miniature reproduction of the medal, half the size of the medal, may be worn on appropriate occasions.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



15. 'n Verseëlde model van die medalje asook van die balk en die lint ten opsigte daarvan, tesame met 'n model van die miniatuurreproduksie daarvan, moet veilig bewaar word in die kantoor van die Kommissaris van Gevangenisse of in sodanige ander plek wat die Minister mag bepaal.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Ses-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

P. C. PELSER.

15. A sealed model of the medal, as well as of the bar and the ribbon in respect thereof, shall, together with a model of the miniature reproduction thereof, be kept in safe custody in the office of the Commissioner of Prisons or in such other place as the Minister may decide.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this the Twenty-sixth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

P. C. PELSER.

## INHOUD.


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| | **Departement van Gevangenisse.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWINGS. | |
| R. 472. | Medalje vir Troue Diens | 1 |
| R. 473. | Dekorasie vir Dapperheid | 3 |
| R. 474. | Medalje vir Verdienstelikheid | 5 |


## CONTENTS.


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| | **Department of Prisons.** | |
| | GOVERNMENT NOTICES. | |
| R. 472. | Medal for Faithful Service | 1 |
| R. 473. | Decoration for Valour | 3 |
| R. 474. | Medal for Merit | 5 |



Wapen van die
**Republiek van Suid-Afrika**
*In Kleure*
*Groot 11½ duim by 9 duim*
+
*Herdruk volgens plan opgemaak deur die Kollege van Heraldiek*
+
PRYS:
R1.10 per kopie, posvry in die Republiek
R1.15 per kopie, buite die Republiek
Verkrygbaar by die Staatsdrukker
Pretoria en Kaapstad

**Republic of South Africa**
Coat of Arms
*In Colours*
*Size 11½ inches by 9 inches*
+
*Reprinted to design prepared by the College of Heralds*
+
PRICE:
R1.10 per copy, post free within the Republic
R1.15 per copy, outside the Republic
Obtainable from the Government Printer
Pretoria and Cape Town

**Koop Nasionale Spaarsertifikate**

**Buy National Savings Certificates**

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*




# Geregistreerde pos is nie verseker nie.

Stuur waardevolle artikels per

VERSEKERDE PAKKETPOS

en

Geld deur middel van 'n POSORDER of

POSWISSEL.

✦

*Stuur u pakkette per lugpos*

*——dis vinniger!*

✦

RAADPLEEG U PLAASLIKE POSMEESTER.

# Registered mail carries no insurance.

Send valuables by

INSURED PARCEL POST

and

Money by means of a POSTAL ORDER or

MONEY ORDER.

✦

*Use air mail parcel post*

*——It's quicker!*

✦

CONSULT YOUR LOCAL POSTMASTER.


Die Staatsdrukker, Pretoria. | The Government Printer, Pretoria.